

Christus is die Here God, nie ons eie god nie.

Ds. PJ Kriel

09.05.2021

Inhoud Preek Hierdie preek wys dat die krisis met die gebod hoe om God lief te hê, juis is dat mense hul god só lief het. Mense het hul god met hul hele hart, siel, verstand en al hulle krag lief, maar nie die Here God nie. Christus maak dat Hy Here God vir ons is en verlos ons só van ons eie god. Op hierdie wyse maak Christus dat ons die Here God weer kan liefhê volgens die groot gebod.

Skriflesing Mat. 22: 34 – 40; Johannes 8: 34 - 36, 39 – 42, 53 – 59; Exodus 32: 1 – 6; Deuteronomium 6: 4 – 9.

Teks Joh. 8: 42 “As God julle Vader was, sou julle My liefgehad het.

Tema Christus is die Here God, nie ons eie god nie.

1. Ons kyk vanoggend weer 'n keer na die Bybelkennistoets wat Christus moes aflê om aan die Fariseërs te bewys dat Hy die Messias mag wees. Dit is wat met die vraag van die Fariseër en Jesus se antwoord gebeur: die Here moet 'n Bybelkennistoets slaag.

Die Here se antwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele hele siel en met jou hele verstand, is 'n aanhaling van Deuteronomium 6: 5: “Jy moet die Here met hart en siel liefhê en met al jou krag.” Jesus het die regte Bybelaanhaling gemaak en daarom komplimenteer hierdie Fariseër Jesus in Markus 12: 32: “Uitstekend Meester, dit is waar wat U sê, dat ‘Hy die enigste is en dat daar geen ander is as Hy nie.’ Die Fariseër se bevestiging is Deuteronomium 6: 4, die vers net voor Jesus se aanhaling: “Luister Israel, die Here is ons God, die Here alleen.”

Die Fariseër en Jesus se vraag en antwoord is nie is nie 'n akademiese gesprek tussen slim geleerde teoloë wat mekaar se teologie met mekaar toets nie. Dit gaan hier oor die ware godsdiens waarmee elke mens mee besig is. Elke Israeliet het van sy kleuterjare af hierdie sin in Deuteronomium 6:4 geleer en uit hulle kop geken soos ons die “Ons Vader” leer en ken. Dit is tot vandag toe nog só! Elke Jood ken bely die Shema-Israël: “Luister, Israel, die Here is ons God, die Here alleen.” Shema-Israël is die Hebreeus vir die woorde: “Luister Israel.”

Die Jode leer dit tot vandag toe nog vir hul kinders soos Deuteronomium 6: 7 stel: “Herhaal dit vir jou kinders en praat met hulle daarvoor wanneer jy in die huis sit en wanneer jy op die pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan.” Tot vandag toe nog maak die Jode plaatjies van hierdie woorde wat hulle, soos hulle glo die teks in Deuteronomium bedoel, hulle op hulle voorkop en hande dra, en teen hulle huis se deure opsit: “Bind dit as 'n teken om jou hand en laat dit 'n versiering op jou voorkop wees. Skryf dit op die deurkorsyn van jou huis en stadspoorte.”

Elke Jood het van kleutertyd af hierdie gebod geken en daarvolgens geleef: “Jy moet God lief hê met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou kragte.”

2. Jesus het nie gekom om vir ons hierdie gebod bekend te maak en te leer dat ons God moet liefhê deur sy geboorte te onderhou nie. Dit was die inhoud van Israel se

Christus is die Here God, nie ons eie god nie.

gehoorsaamheid aan God van die begin af gewees: om God met hulle hele hart, siel, verstand en al hul krag lief te hê volgens die Tien Gebooie.

Jesus het vir 'n totaal ander rede gekom – volgens sy eie woorde in Johannes 8: 55 omdat die Jode God nie ken nie. Watter Jode volgens Christus, ken God nie? Die Jode wat elke dag die “Shema-Israel” opsê, hulle hele lewe daarvolgens inrig, en dit as teken op hulle hande, voorkoppe en huise se deurkosyne dra!

Christus stel aan die Jode dat die God van hierdie liefdesgebod wie se gebod hulle aan vashou, en sê “dat Hy hulle God is”, hulle nie ken nie.

Wat is die probleem? Hulle ken die Here God, as hulle eie God. Net dit is die inhoud van die probleem met die gebod: “Jy moet God liefhê met jou hele hart, siel, verstand en al jou krag.” Die probleem van die gebod is dat die Here God nie hulle God is nie, maar dat hulle eie God hul God is. .

Daarmee openbaar die Here Jesus die werklike probleem van hierdie gebod van alle mense! Dit is nie so dat mense nie weet dat hulle God met hulle hele hart, siel, verstand en al hul krag moet lief hê nie. Dit ken en weet alle mense in die hele skepping en elke mens in die hele skepping streef hierna: om hulle god só lief te hê.

Daarom is die werklike probleem in hierdie gebod die verskil tussen wie die Here God is en wie mense se eie God is, nie of jy die gebod ken en dit probeer onderhou nie.

3. Wanneer die Jode vir Jesus woedend stel dat hulle nie uit hoerery gebore is nie, wys hulle dat hulle presies weet dat die Here verklaar dat hulle met afgodery besig. Christus se verklaring dat hulle God nie ken nie, is die openbaring dat hulle as Jode 'n afgod aanbid en nie die ware God ken nie.

Dit verwys, en dit het die Jode geweet, onder andere verwys na Exodus 32. Na die Here God die Farao se mag en wil met tien plae gebreek het, sy weermag in die see laat verdrink het waardeur hulle droogvoets getrek het, die Here God hulle water in die woestyn uit 'n rots gegee het, en manna en kwartels as kos, kom hulle na Aäron met die versoek: “Komaan, maak vir ons gode wat voor ons uit kan gaan” Nadat hy vir hulle 'n goue bulkalfbeeldjie gemaak het, het hulle hierdie uitbeelding van God as 'n bulkalf verheerlik met die eerbetoning: “Dit is jou gode Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.”

Hier sien 'n mens die verskil tussen die Here God en hulle eie God!

Hoeveel kalfies het hulle gemaak? Net een! Hoe vereer hulle hierdie een kalfie? As hulle gode! Onthou hulle staan almal net voor een kalfie in hierdie erediens! Hulle vereer hierdie een kalfie as: “Dit is jou gode wat jou uit Egipteland laat optrek het” presies net soos hulle gevra het, “Komaan, maak vir ons gode wat voor ons uit kan gaan.” Hierdie een kalfie maak dat elkeen nou sy eie god kan aanbid.

Die Here God is Een, maar hulle een beeld van God verteenwoordig gode!

4. Hoekom noem hulle hul een godsbeeld, gode?

Christus is die Here God, nie ons eie god nie.

Dit sien ons in die verskil tussen wat hulle weergawe is wat hierdie godsbeeld vir hulle gedoen het, en wat die Here God vir hulle gedoen het.

Die Tien Gebooie begin só: “Ek is die Here God, wat jou uit Egipteland, die plek van slawerny, uitgelei het. Dit is bevry het! Hulle verklaar hulle gode het hulle laat optrek uit Egipteland uit. Wat is die verskil tussen uitlei, bevry en laat optrek?

Dit klink só! Bevry of uitlei beteken God het met sy magtige daade van Tien plae die mag en wil van die Farao gebreek, Hy het deur die water van die Rooi See 'n pad gemaak vir hulle en met sy mag die pad toe gemaak en die soldate laat verdrink, en God het deur sy mag en krag water en kos voorsien wat hulle nie gehad het of kon kry nie. God het met sy magsdade hulle uitgelei en bevry van die slawerny van Egipte.

Wat beteken “ons laat optrek?” In vandag se godsdienstige taal beteken dit God het ons die krag, die plan, die idee gegee om te doen wat ons gedoen het – ons het opgetrek! Ons het opgetrek deur die krag en plan wat Hy vir ons gegee het. Opgetrek beteken ons het dit self gedoen deur God se krag en plan.

Uitgelei en bevry beteken: “Ons wou nie trek nie, ons het nie die plan gehad om te trek nie en ons het nie die krag gehad om te trek onder die mag van Egipte uit nie, maar God het alles deur sy magsdade, Hy alleen sonder ons, bewerk en deur sy magsdade het Hy ons weggevat uit Egipte waar ons nie kon dink ons ooit weg sou kom nie. Ons wou ook nie en het ook nie sulke planne gehad nie.

Hierdie afgod maak dat hulle nou alles self gedoen het om uit Egipte te trek – omdat God nou net die krag en planne gee om dit self te kan doen!

5. Hoekom noem hulle hierdie God wat jou krag en planne gee, gode?

Want dit is hoe alle gode is wat mense vir hulle self opmaak om te kan glo hulle doen alles self met die krag en plan van God! Dit is mense se God! En alle mense se gode is dieselfde – hulle gode gee mense planne en krag om self te doen wat God doen.

Mense se gode is nooit die Here God nie. Die woord “Here” in Here God is hoe God Hom openbaar in Exodus 3: 14: God sê toe vir Moses: “Ek is Wie Ek is. Hy sê toe ook: So moet jy die Israeliete antwoord: Ek Is, het my na julle toe gestuur.” God is wie Hy is, uit Homself, deur Homself en tot Homself. (Rom. 11: 36; 1 Kor. 8: 6; Kol. :16) Die Here God is nie God uit mense, deur mense en tot mense God nie. Hy is wat Hy is uit, deur en tot Homself.

Dit openbaar Exodus 32! Mense se gode is gode uit mense, deur mense en tot mense! Dit is hoe hierdie beeld van 'n bulkalf, nie eers 'n regte bulkalf, god is. Hy is gebore uit die wil en drang van mense, gemaak deur die krag van mens om in diens te wees van die begeertes van mense. Afgode is net die wyse waarop mense uit hulself, deur hulself en vir hulself alles is en alles vir hulle self opeis.

Christus is die Here God, nie ons eie god nie.

Mense maak hul god sodat hulle self alles kan wees wie God is. Met my god wat ek vir myself gemaak het, is alles uit myself, deur myself en tot myself. Aan my behoort die heerlikheid tot in ewigheid. Ek is en doen alles uit myself, deur myself en tot myself en my god gee my net die krag en planne om so te wees en te leef.

Daarom, met hierdie gode, wat jy jou eie god maak, het jy jou God lief net jou hele hart, siel verstand en al jou kragte! Dit is hoe alle sondaars hul eie god lief het.

6. Die Here God is die Verbondsgod van Abraham. Daarom beroep die Jode in hulle teenoor Jesus dat hulle Abraham se kinders is, en nog nooit slawe was nie, bedoelende nog nooit afgode se slawe was nie, want hulle was die meeste van hul geskiedenis van Egipte tot en met die tyd van die Here, ander nasies se slawe.

Maar die Jode se God is nie die Verbondsgod van Abraham nie. Die Here God was só God vir Abraham: Ek sal jou God wees en julle sal my volk wees, Ek sal julle God wees en Ek sal julle my kinders maak en laat wees. Hy is alles wat God in sy liefde vir sy kinders is en doen en Hy as God sal alles wat hulle as kinders is en moet wees, in hulle skep. Deur sy verbondstrou is alles tussen Hom en sy kinders uit Hom, deur Hom en tot Hom.

Wanneer Christus verklaar dat hulle hulle nie kinders van Abraham is nie, want hulle ken God nie volgens sy verbondstrou nie. En dit is wie Christus is en kom doen het, om God se verbondstrou vir sondaars te vervul.

Hulle ken God as die God vir wie hulle doen wat God sê en God dan vir hulle gee wat hulle begeer. Dit is hoe mense van God die Here, die God van sy verbond, hulle God maak. Hy is 'n kontraktuele god: ons gee vir hom wat hy nodig het en dan gee hy vir ons wat ons nodig het. Met hierdie kontraktuele god, is alles vir mense, deur mense en tot mense.

7. Ons het een Vader, naamlik God!

Dit is die Jode se antwoord op die Here Jesus se openbaring dat hulle Vader God, is die Duiwel!

Want hulle Vader God, is nog steeds net hulle eie god! Die god wat hulle die krag en planne gee om self alles as mens te wees en doen soos hulle begeer om mens te wees: uit my, deur my en tot my is alle dinge daar net vir my!

Hierdie Vader God wat mense opmaak sodat hulle met God en krag en planne selfgenoegsaam is en self genoegsaam leef, is niks anders as die vader wat die duiwel opmaak nie. Hierdie God Vader is niks anders as net 'n goddelike vaderfiguur nie.

Wat is 'n vaderfiguur?

Dit sien 'n mens by kinders wat met afwesige pa's leef. In die afwesigheid van alles wat 'n teenwoordige pa moet doen en wees, is hierdie kinders in hulle self alles wat hierdie afwesige pa's is en doen hulle alles wat hierdie afwesige pa's doen. Bemagtig om alles te wees en te doen wat die pa moes wees. Wat is 'n

Christus is die Here God, nie ons eie god nie.

vaderfiguur? Dit is 'n volwassene wat jou die krag en planne gee hoe om die man in die huis te wees waar jou pa afwesig is.

Dit is die Duiwel se Vader God. God wat net vir mense krag en planne gee om te doen wat Hy doen en te wees wat Hy is, omdat Hyself dit nie is en doen nie.

8. Christus het nie gekom om ons eie god te wees nie, om ons die krag en plan van 'n afwesige God te gee sodat ons alles in God se Naam kan doen en wees nie. Christus is nie die god wat ons vir ons maak, omdat ons nie Godin sy verbondstrou wil ken nie.

Daarom moet u hoor wie is Jesus Christus is sy eie woorde in Johannes 8: 58: "Amen, amen, Ek sê vir julle, ek is al voordat Abraham gebore is." Jesus Christus is God wat Hom openbaar as "Ek is wat Ek is." Hy is God, nie "ons" God nie. Christus is die Verbondsgod van Abraham.

Christus verwys direk na die bevryding uit Egipte in sy woorde: "Elkeen wat sonde is 'n slaaf van sonde. ... as die Seun julle vrygemaak het, sal julle werklik vry wees." Daarmee verwys die Here na sy lyding en opstanding. Deur sy lyding en opstanding is Christus self God met ons en ken ons sy Vader as ons Vader. Hy verheerlik die Vader deur ons sondes te dra en die Vader verheerlik Hom deur ons as sy kinders aan te neem, deur wat Christus vir ons is en doen.

Wie nie in Christus glo nie, ken daarom nie God die Vader nie en ook nie vir God die Seun nie. Christus wat vir ons as mens ly, sterf en uit die dood uit opstaan, is die enigste wyse waarop 'n mens die Here God ken, want Christus is die Here God self.

Daarom verklaar Johannes in hoofstuk 1: 12 – 14: "Maar aan almal wat Hom aanvaar het, het Hy die reg gegee om kinders van God te word – hulle wat in sy Naam glo. Hulle is dit nie uit bloed nie, ook nie uit liggaamlike drang nie, ook nie uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore. En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlijkheid aanskou."

Wie glo dat Christus God is wat mens geword het om vir ons sondes te ly en uit die dood uit op te staan, vir hulle is die Here God, God. Hulle is deel van God se verbondstrou: Ek sal jou god wees en jy sal my kind wees.

Dit is hoe die Here God, jou eie god is: Hy maak jou in en deur Christus sy kind sodat alles tussen God en jou, uit hom, deur Hom en tot Hom is.

9. Het Jesus "ons" God kom word of is Hy die Here God met ons?

Is Hy God se krag en plan waardeur ons kan doen wat ons doen of is Hy die Here God wat ons deur sy eie magtige daade as God verlos sodat Hy ons alles maak wie sy kinders is?

Dit is mos presies net die verskil tussen die Here God wat Israel uit Egipte gelei en bevry het, en die afgod wat Israel gemaak het wat die gode is wat hulle uit Egipte laat optrek het!

Christus is die Here God, nie ons eie god nie.

Bevry die Here Jesus Christus ons of trek ons in sy Naam op!

Hoe klink hierdie Jesus vir u: “Ek het Jesus koning gemaak; Ek het Jesus in my lewe ingenooi; Ek het Jesus die middelpunt van my lewe gemaak; Ek het Jesus op die troon van hart gesit en aangestel as God van my gesin, besigheid, vol, nasie en land.” Jesus is my eie God! Hy gee my die krag en plan om my lewe en my hart aan God oor te gee, en daarom is sy plan, my planne; sy droom, my droom; sy wil my wil; doen ek alles wat ek doen deur sy krag!

Hier is ons God wat ons uit Egipteland gelei het, ons verheerlik Hom met die eer van God!

Dit is hoe mense optrek in die Naam van hulle God en daarom is dit hoe hulle hul god liefhet met hul hulle hele hart, siel, verstand en al hul krag – sodat hulle hul self kan lief met hul hele hart, siel, verstand en al hul krag.

Hierdie Jesus maak my hart, my lewe en my krag sy alles. Hy is alles uit my, deur my en tot my, en so is alles daar vir my en myne: Jesus is my god!

10. Dit is mos hoe God net 'n vaderfiguur word vir mense wat alles uit hulle self, deur hulle self en tot hulle self is!

Die Here Jesus is nie ons God nie. Hy is die Here God self. Hy gee ons nie goddelike krag en planne om op te trek, om alles te doen wat ons wil om onself te bevry nie.

Hy verlos ons met die magtige daade wat uit Hom, deur Hom en tot Homself is, die lyding, sterwe en opstanding van Christus, wie self God is en mens geword het. Hy maak ons kinders van God deur God vir ons te wees soos Hy God is in, uit, deur en tot Homself en alles wat ons as kinders vir Hom moet wees, uit, deur en tot Hom binne in ons skep.

Jesus maak God nie ons vaderfiguur van ons selfgenoegsame lewe nie. Hy is God met ons.

Hoe weet jy wie is die Here God en wie is maar net jou eie god, jou afgod? Wanneer jy glo dat elkeen Jesus op sy eie manier kan ken en dien, want Jesus is net een bulkalf wat die gode is wat ons laat optrek.

Dit is die bulkalf van die moderne Christelikheid: Jesus wie ons gode is! Elkeen maak met God 'n kontrak in Jesus se naam om alles wat ek self is en wil wees en wil doen in Jesus se Naam te doen. Dit is deur hierdie een bulkalf “Jesus” dat die geestelikes in die NG Kerk 'n kerk van spiritualiteite en modaliteite wil maak. Dit is selfopgemaakte woorde wat wetenskaplik klink, maar niks anders is as om van Jesus die kerk se bulkalf te maak sodat die kerk baie gode kan aanbid nie.

Ek wil graag vir u hier ; byvoeging maak. Op die TV is daar 'n program, die Carbonaro-effek. Hul kunstenaar wat mense met kulkunsies mislei en dan met verskriklike wetenskaplike taal sommer net nonsens praat en omdat die mense nie die wetenskaplike woord ken nie, glo hulle sy kulkunsies. Die kulkunstenaar noem dit

Christus is die Here God, nie ons eie god nie.

wetenskaplike “mumbo-jumbo”. Dit is hoe geestelikes vandag met wetenskaplike “mumbo-jumbo”, elkeen het sy eie spiritualiteit met Jesus, die kerk het verskillende modaliteite, hulle kulkuns van van Jesus die beeld te maak waarin elkeen sy eie god aanbid, en jy nog dink God is Een.

11. Wie het ons lief, die Here God of ons eie God?

Ken jy Jesus as die Here god of as jou God?

Deur die Here God te ken in sy verbondsliefde – Jesus Christus wat vir ons, lyn sterf en uit die dood uit opstaan: so ken en het ons die Here God lief.

Hy bewerk deur sy lyding en opstanding dat God alles doen en vir my is wat God in, uit en deur Homself is. Hy bewerk dat Hy as God alles in my skep en tot stand bring dat ek God ken ken en dien as die Here uit wie, deur wie en tot wie alle dinge is.

Volgens die belofte van Abraham gee Hy my ’n nuwe hart, neem Hy my ou hart weg, vergewe Hy elke oortreding, maak Hy my rein, bevry Hy my van my afgodsdienste, gee Hy my sy Gees wat sy wet om ’n nuwe wyse vir my as sy kind laat werk, en omdat die Here Jesus so God met ons is, – kan ons liefhê met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag.

Want Hy is die Here God wat ons sy kinders laat wees. Hy is alles vir ons as Here God en laat ons alles vir Hom wees.

Omdat ons God só ken, is is só aan die gebod verbind: Ons het god lief met ons hele hart, siel, verstand en al ons krag – soos Hy Here en God is, Hy is alles wie God is uit, deur en tot Homself en laat ons alles wees wie Hy wil hê ons vir Hom moet wees.

Wie het u lief met u hele hart, siel, verstand en al u krag? Die Here God of jou eie God?

Jou Jesus wat jy aanbid soos jy goed dink, soos jy voel, soos jy God wil beleef, soos jy besluit hoeveel en watter krag jy vir God het! Jou Jesus wat jy koning, Here, jou vennoot en geselskap maak, sodat jy, jou lewe, jou geliefde, jou gesin, jou volk, jou nasie en jou werk jou alles is.

Jou Jesus wat vir jou gee wat jy wil hê as jy vir Hom gee wat Hy wil hê.

Dan is Jesus die een Naam vir elkeen van ons se gode! Komaan, kom ons maak gode in wie se Naam ons kan doen wat ons wil en maak wat ons wil. Komaan, kom ons maak gode in wie se Naam ons optrek, want ons glo nie in die Here God wat ons met sy magtige verlossingsdade uit sonde lei en bevry nie!

Kom ons verwerp die nuwe veelgodedom in die kerk in die Naam van Jesus, hulle goue bulkalf. Die bulkalf wat hulle selfgenoegsame lewe leef asof hul god se plan en hul god se krag is.